

## **Mark 5 Hoe belangrik dink jy is jy werklik vir God? 7 Februarie 2021**

Twee weke terug het ek met julle gepraat oor God se begeerte na intimiteit met jou en ons het veral gekyk na drie voorbeelde in die Bybel wat vir ons gehelp het om te verstaan dat God op verskillende maniere ons aandag trek, maar dat ons dan moet besluit of ons wil reageer en of ons ook intimiteit met Hom begeer. Ons het gekyk na Moses en die brandende bos, na die roeping van Samuel en die aand toe Jesus op die water by sy dissipels verby geloop het.

Miga het verlede week met ons gepraat oor die verskil tussen kennis en wysheid en het met ons gedeel dat ware wysheid begin met die dien van die Here.

**Ek wil hê dat julle met mekaar deel waar jy die afgelope week beleef het dat God jou aandag wil trek, of waar jy die verskil tussen wysheid en kennis beleef het.**

**Ek wil jou vra:** Het jy al ooit gewonder hoe belangrik jy nou regtig vir God is? Hoeveel moeite dink jy maak God met jou as individu? Watter moeite dink jy sal Hy maak om jou aandag te trek om tyd met jou deur te bring en jou na dieper intimiteit met Hom te lei?

Miskien het jy ook al gewonder of jy goed genoeg is vir God. Maak jy die “cut?” Is jy belangrik genoeg vir God dat Hy regtig vir jou omgee? Dit is mos so dat omstandighede ons soms laat voel dat ons dalk nie regtig so belangrik vir God is soos die ou langs jou nie. Wel, kom ons kyk na ons teksgedeelte vir die week en probeer agterkom wat die Here vir ons daardeur wil sê.

### **Markus 5:1-21.**

So ’n bietjie agtergrond. Jesus het in die voorafgaande gedeelte die hele dag die volk met gelykenisse geleer en moes na die dag redelik moeg gewees het. Maar in plaas van dadelik gaan rus en ontspan, lees ons hier dat Hy laat die middag, toe dit begin aand word, vir sy dissipels gesê het: kom ons klim in die boot en vaar na die oorkant van die see van Galilea.

Jesus was so moeg gewees dat Hy midde in die storm en die groot golwe en die water wat oor die rand van die boot gespoel het in die skuit aan die slaap geraak het. Sy dissipels het hom wakker gemaak en Jesus het die storm stilgemaak. Dan lees ons nou in ons teksgedeelte vir vandag, dat toe Jesus daar aan die oorkant

van die see aan wal gaan, nadat Hy deur die nag oorgevaar het, Hy nie gaan rus het soos ons sou verwag het nie. Nee, dadelik toe hulle daar aan land gaan kom 'n besete man Hom tegemoet.

Ons lees hier watter soort mens hierdie man was. Ek dink as ons vandag die man moes beskryf sou ons gesê het: dit was 'n "malletjie" gewees. Ek dink dis die tipe man wat ons sou wegjaag as hy naby jou kom. Ons sou vir Jesus wou sê, moet nie jou tyd met die man mors nie. Hy is vol demone en almal is bang vir hom. Hulle kon nie eens die man met ketting vasgebind gehou het nie, want hy het die kettings waarmee hy vasgemaak was, gebreek.

Vriende, almal het moed opgegee op hierdie man. In so 'n mate dat die enigste plek waar hy kon woon was tussen die grafte van daardie omgewing gewees. Kry jy die prentjie? Dis daai ou vir wie geen mens enige hoop sou hê nie. Soos Timone vir Poemba in The Lion King sou sê: hierdie ou is "on the bottom of the food chain."

Ons weet almal van sulke mense. Dink so 'n oomblik wie is die mens vir wie jy die minste hoop het. Dink dalk aan die ergste boemelaar wat jy gereeld op straat sien. Hierdie besetene was daardie mens en nog erger gewees. Daardie ou vir wie ons geen hoop het nie.

Nie Jesus nie. Jesus sien iets in hierdie man wat geen ander mens kon sien nie. Hierdie man was vir Jesus ongelooflik belangrik en strategies gewees. Die volgende perikoop begin met die woorde: **Jesus het daarna met die skuit teruggevaar oorkant toe.**

Ek weet nie of jy hoor wat hier gebeur nie? Jesus was die vorige dag moeg gepraat met al die mense. So moeg dat Hy in die middel van 'n storm aan die slaap raak in die skuit wat amper sink van die storm. Hy vaar deur die nag om die volgende oggend met hierdie besete man te ontmoet. Hy bevry die man en gee vir hom die opdrag om vir sy mense te gaan sê wat met hom gebeur het en dan klim Jesus weer terug in die skuit en vaar terug na waar Hy vandaan gekom het.

Ek dink nie enige ander mens sou hierdie man 'n tweede kyk gegee het nie, behalwe miskien uit vrees dat hy jou kwaad sou aandoen. Ek dink nie hierdie man sal op enige iemand anders se lysie van belangrike mense verskyn het nie. Hy was 'n "niemand" gewees, iemand wat alleen tussen die dooies in die begraafplaas 'n

tuiste kon vind. Tog was hy vir Jesus so belangrik gewees dat Jesus deurnag oor 'n stormsee reis om een dag saam met die man te gaan spandeer en dan weer die aand deurnag terug te vaar na waar Jesus met die skare mense besig was.

Hoor jy hoe belangrik hierdie besetene vir Jesus was. So belangrik dat Hy die skare mense wat na Hom luister verlaat om een dag saam met die man te spandeer. Al die moeite, tyd, geld en energie vir 'n man op wie die samelewing moed opgegee het. Daarby was die man nie eens 'n Jood gewees nie. **Vriende, dit is hoe belangrike elke liewe mens vir Jesus is.** Dit is hoe belangrik jy vir Hom is en dit is moeite wat God vir elke mens sal maak.

Dis ontgelooflik: Jesus bevry die man van die bese geeste en dan spandeer Hy die res van die dag saam met die man. Jesus het die bese geeste in die varke in gejaag en wanneer die mense van die omgewing daar kom om te sien wat gebeur het, lees ons die volgende, vers 15: **Toe hulle by Jesus kom en die besetene in wie die baie bese geeste was, daar sien sit met sy klere aan en by sy volle verstand, het hulle groot geskrik.** Jesus sit en kuier saam met die man. Ek wonder waarom hulle gesels het? Wat ek wel hier kan agterkom is dat hierdie ontmoeting met Jesus hierdie man se hele lewe radikaal verander het.

Jy sien dit wanneer die mense vir Jesus wegjaag en Jesus in die skuit klim, toe dring die man daarop aan om saam met Jesus te gaan. Vriende, wanneer 'n mens 'n ontmoeting met Jesus gehad het, kan jou lewe nie meer voortgaan soos jy voor jou bekering nie. Wanneer 'n mens Jesus ontmoet het, wanneer jy tyd by Jesus spandeer het, weet jy net jy kan nie meer sonder Jesus lewe nie. Dan weet jy ook dat jou lewe voor Jesus en jou lewe saam met Jesus nie dieselfde kan wees nie.

Hierdie man wil saam met Jesus gaan, hy wil by Jesus wees, maar Jesus het ander planne met hom. Hierdie man word Jesus se eerste sendeling. Hoor Jesus se antwoord op die man se begeerte om saam met Jesus te gaan, vers 19evv: **Jesus het hom dit egter nie toegelaat nie maar vir hom gesê: "Gaan na jou huis, na jou mense toe, en gaan vertel vir hulle wat die Here alles vir jou gedoen het en dat Hy jou jammer gekry het."** 20Hy het toe gegaan en deur die hele Dekapolis begin bekend maak wat Jesus alles vir hom gedoen het. Almal was verbaas daaroor.

Jesus se opdrag aan die man is om vir sy huis, sy mense, almal wat hy ken, te gaan vertel wat Jesus alles vir hom gedoen het en **dat Hy jou jammer** gekry het.

Vriende, Jesus het hierdie man so jammer gekry dat Hy sy program vir 'n dag onderbreek het en twee nagte op die see deurgebring het om hierdie man te red. Hoekom dink jy het Jesus hom jammer gekry?

Ek dink dadelik aan twee verse wat by my opkom:

Lukas 19:10 - **Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is.**"

Johannes 3:16 - **Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.**

Ek weet nie of jy hoor wat ek probeer oordra nie? Hier het ons te doen met 'n man wat regtig in mense se oë minder as niks werd was nie. Jesus, as Seun van God, in sy almag weet van hierdie man. Hy weet dat Hy die man vir 'n doel geskape het. Hy los alles en almal, reis deurnag op die see om hierdie verlore mens te soek en te red, omdat Jesus hom so lief gehad het en 'n plan met sy lewe gehad het. Nie eens hierdie man was somer maar net daar nie. Hierdie bestene was immers een van die mense wat God geskape het.

Jesus red ons altyd met 'n plan ingedagte. Jesus het groot planne vir hierdie man gehad. Hierdie man het Jesus se eerste sendeling geword en dit onder 'n heidense nasie.

Nou leer die Bybel ons dat God gister en vandag en tot in ewigheid dieselfde is. Jesus doen vandag nog dieselde moeite om elke mens op aarde te soek en te red. Jesus het met hierdie man soveel moeite gemaak, soveel opgeoffer om hom vry te maak. Ons vandag weet dat Jesus baie meer as dit gedoen het om vir my en jou te verlos. Vir my en jou het Jesus die heerlikheid van die hemel prysgegee en uiteindelik aan 'n kruishout gesterf. Sy bloed laat vloei en sy lewe gegee, omdat Hy jou en my lief het en tyd met ons wil spandeer en 'n plan met ons lewens het, 'n plan wat baie groter is as om net te weet ek gaan eendag hemel toe, of om gemaklik te lewe.

So, as jy dalk wonder hoe lief Jesus vir jou is? As jy wonder hoe kosbaar en spesiaal jy vir Hom is? Dink net aan Jesus aan die kruis. Met oopgespreide arms, spykers in sy hande en voete, doringkroon op, wat afkyk na jou en vir jou sê: ek hang hier vir jou, dis hoe lief Ek vir jou is.

Soms voel ons nie belangrik nie. Soms gee die lewe vir ons vreeslike stampe en stote. Soms ervaar ons erge verwerping en dan is ons geneig om te sê dit is omdat God ons verwerp het. Of dalk voel ons dat weens my omstandighede dit vir my voel asof God nie regtig vir my omgee nie. Dat Hy my nie regtig lief het nie.

Kan jy jou indink **hoe hierdie bestene moes gevoel het**? Die verwerping wat hy in sy lewe moes beleef het? Dink net hoe hy teenoor God moes gevoel het. En dan die teenoorgestelde. Hoe hy moes gevoel het na hierdie dag saam met Jesus. Die bevryding van die bose geeste. Die sit by Jesus en die onvoorwaardelike liefde en aanvaarding wat hy moes beleef het. Dink net aan die huppel in sy stap as hy daar weg stap om sy mense te gaan vertel wat Jesus vir hom gedoen het. Dink net hoe belangrik hy moes gevoel het dat Jesus hom gestuur het om almal wat hy ken van Jesus te gaan vertel.

Dink net **hoe mense hom moes beleef het** na die bevryding en ontmoeting met Jesus. Hoe mense agteraf moes praat oor die wonderlike verandering wat hulle in hierdie man se lewe gesien het. Dit moes voorwaar **“the talk of the town”** gewees het.

So hoekom vertel ek dit alles? Net so lief as wat Jesus vir hierdie man was, is Hy vir jou. Jesus sal ook vir jou berge versit om jou vry te maak van die houvas van sonde in jou lewe en om tyd met jou deur te bring. Maak nie saak wat jou omstandighede vir jou sê nie, Jesus het jou ongelooflik lief en Hy begeer intimiteit met jou.

Nou weet ek, nie een van julle het nog nie gehoor dat Jesus vir jou lief is nie. So wat gaan die verskil in ons lewens maak? Wat gaan maak dat ek en jy God se liefde vir ons gaan beleef?

Die antwoord is ons geloof. Dit help nie jy net weet God het jou lief nie. Jy moet glo dat dit waar is. Geloof is kennis en vertrou. Jy hoor vanoggend wat Jesus vir hierdie man gedoen het. Jy hoor dat God jou net so lief het en net soveel moeite vir jou doen. Net jy kan besluit om dit te glo. Om te vertrou dat dit die waarheid is en dat dit ook van jou ook waar is.

Hierdie storie wys vir elkeen van ons vanoggend hoe belangrik en spesiaal elke mens vir God is. Lees gerus op die afkondiginge hoe uniek God jou gemaak het in die stukkie wat Stephan Joubert geskryf het.

Maar daar is meer in ons teksgedeelte. Ek het netnou gesê Jesus red ons omdat Hy met ons 'n intieme verhouding wil staan, maar dat dit ook oor meer gaan. Wanneer Hy ons verlos en ons met sy liefde aanraak, **dan vra Hy altyd van ons om ons stories met ander te gaan deel**. Elke kind van God word 'n sendeling van God. Elke gelowige word geroep om terug te gaan na jou mense en te gaan vertel wat Jesus vir jou gedoen het. Om te gaan vertel watter moeite Jesus gemaak om jou vry te maak en tyd saam met jou deur te bring. Gelowiges behoort altyd 'n Jesus storie te kan vertel. Ons behoort altyd 'n vars Jesus storie te kan vertel.

Vriende, as ons vir Jesus so spesiaal is. As Hy soveel moeite maak om sy liefde aan ons te bewys. As Jesus so graag tyd saam met ons wil deurbring, hoekom sukkel soveel gelowiges om van hulle kant af tyd vir Jesus te maak? Kom ek vra jou vanoggend:

- het jy 'n vars storie van 'n ontmoeting met Jesus?
- Hoeveel keer het jy die afgelope week tyd gemaak om na Jesus te luister en met Hom te praat?

Ek vra dit nie om jou skuldig te laat voel nie. Ek vra dit, want God begeer dat jy tyd maak vir Hom en as jy nie moeite maak vir Hom nie, hoe gaan jy dan sy liefde vir jou beleef en ervaar. As ons nie gereeld by Hom tyd deurbring nie, hoe gaan ons vir ander kan vertel wat Hy vir ons gedoen het? As ons nie tyd vir Hom maak nie, hoe kan ons intimiteit met Hom verwag? As jy tyd vir Hom maak nie, gaan jy nie vars Jesus-stories hê om te vertel nie.

Ek vra jou weer: Het jy 'n vars Jesus-storie om te vertel?

Het jy die week tyd gemaak vir God wat intimiteit met jou soek?

So wat nou? Jy het gehoor dat Jesus jou besonder liefhet en baie moeite gedoen het sodat jy sy kind kan word. Hy het sy lewe vir jou gegee.

Miskien het jy 'n vars Jesus-storie – vertel jy ander daarvan?

Wat dink jy vra die Here van jou vanoggend? Wil jy nie by Hom hoor en dan jou Jesus storie met iemand die week gaan deel nie?